Oop vir die Oomblik:

Jaarkursus in ‘n lewe van Teenwoordigheid

Aangebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit
olv dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder.

In elke moment van elke dag lê diep rykdomme opgesluit. Hoe meer jy kan leer om in die hier en nou te lewe, aandagtig en wakker, hoe ryker word jou lewe.

Maar dis moeilik, want daar is baie kragte wat ons wegtrek uit die nou. Gelukkig is daar ook verskeie paaie waarop ons kan leer en oefen om daagliks meer teenwoordig te lewe. Elke kontak met ander mense word 'n geleentheid om die wonder van die lewe te beleef. Die skepping word ‘n plek waar jy as’t ware kaalvoet in verwondering leef. Jy kan jou aksies beleef as poorte om nader aan die hier en nou te kom. Hoe meer jou binnewêreld aan kant is, hoe oper is jy vir hierdie en ander paaie.

Hoe langer hoe meer ervaar jy dat die Ewige Een die diepte-dimensie van elke ervaring is, dat Hy jou daarheen roep, “and you practise the presence of God”.
In werklikheid is teenwoordigheid ’n poort tot al die fasette van ons menswees en heiliging, van hoe ons na Jesus se beeld omvorm word. Die kursus word in ’n groot mate ervaringsmatig aangebied om jou aan die transformerende proses van teenwoordigheid bloot te stel.

Die kursus begin met 3 opeenvolgende aanbiedings en daarna ‘n maandelikse geleentheid om die proses in jou lewe verder te laat wortel skiet en vrug dra. Die tweede aanbieding is op Saterdagoggend 24 Februarie van 07:00 tot 12:00 in Moreleta Kloof Natuurreservaat (waar Rademeyer-restaurant ook is).
Datums op Donderdae vir 2018: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November.
Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Tyd: 19:00

Inskrywings: Stuur ‘n epos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG RING, ABSA, 9328323743
Merk die betaling soos volg: teenwoordigheid, van, noemnaam
Finansiële ondersteuning beskikbaar.

Navrae: Immanuel van Tonder 0835406015, immanuelvt@gmail.com
Willem Nicol 0839667831, wnicol@mweb.co.za